

Maandag 23 November

Skrifgedeelte: Amos 5:1-17

Fokusgedeelte: Amos 5:6

Soek die Here!

In haar rebellie teen God het Israel soos 'n hulpelose vrou geword. Israel word eintlik vir ons beskryf as 'n jong maagd wat haar hele lewe voor haar gehad het. Tog het sy haarself, weens haar rebellie, nou baie weerloos gemaak. Bet-el, Gilgal en Berséba sal elkeen in *ballingskap* gaan of *vernietig* word.

Hoe verskriklik! Bet-el, die plek waar God met Jakob gepraat het (Gen. 28). Gilgal, die plek waar die Here weer sy verbond met die volk bekragtig het toe hulle pas in die Beloofde Land ingegaan het (Jos. 5). En Berséba, 'n gebied met groot waarde vir die Israeliete omdat al drie die aartsvaders eens op 'n tyd daar was (Gen. 21, 26, 46). Israel se weermag sal hulle nie kan beskerm teen dit wat kom nie ...

Hoe het Israel teen God gerebelleer? Wat is haar *oortreding*? Amos sê dit keer op keer in hoofstuk 5 en 6: Israel handhaaf nie geregtigheid in hulle alledaagse lewe nie. Hulle vertrap die armes. Met winste en uitbuitery word hulle ryk. Hulle neem omkoopgeld aan en hulle stoot die behoeftiges weg. Hulle is veral skuldig daaraan dat geregtigheid nie in hulle regsisteem geskied nie (vs 7)!

Hieroor kondig die Here sy *oordeel* oor die volk aan: die Here sal “in hulle midde deurtrek!” (vs 17). Wanneer die Here so deur die midde van 'n volk trek, sal die mense op die pleine en in die wingerde bitterlik huil oor die onheil wat die Here oor hulle bring.

Hoe sal die volk kan oorleef? “*Soek die Here, dan sal julle lewe*” (vs 6). Hy wat die Sewe-ster en die Orion gemaak het, is by magte om 'n groot onheil oor die volk te bring, maar Hy kan ook die “duisternis in môrelik verander” (vs 8).

Die Christelike lewe is *om die Here te soek in die alledaagse praktyk van my lewe*. Die Here wil dat sy koninkryk deurbreek in die manier waarop jy besigheid doen. Die Here se wil moet geskied in die manier hoe ons reg en geregtigheid in die samelewing handhaaf. Die Christelike lewe beteken dat ek in alles die eer van ons Here Jesus Christus soek. Ons moet al hoe meer *word* soos Hy is.

Sing: Psalm 9-1:5-7

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)